Die Wapad

JAARGANG XX — DINSDAG, 2 MAART 1965 — NR. 2

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

IN U LIG

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering
SAM 1965

# GROOT UITBREIDING BINNEKORT

## *Rektor Skets Planne*

**„HIERDIE UNIVERSITEIT sal letterlik herbou moet word om sy taak behoorlik te kan uitvoer", het die rektor prof. H. J. J. Bingle, tydens die amptelike opening van die Universiteit gesê. By die geleentheid het prof. Bingle, wat pas van die buiteland teruggekeer het, 'n R10-miljoen meesterplan aangekondig vir die uitbreiding van die P.U. vir C.H.O. om 5,000 studente oor 'n dekade te kan huisves.**

**Deurgronding van die Christelike wetenskap met onvermoeide ywer en die opvoeding van studente tot vry-verantwoordelike wesens op alle lewensterreine is die bestaansreg van hierdie Universiteit, het prof. Bingle gesê.**

Die Universiteit moet alle dele van die wetenskap dek en daarom moet die ontbrekende fakulteite en departemente ingestel word.

### GEBOUE

Die nuwe Universiteitsgeboue sal voortaan van vier tot ses verdiepings moet wissel en die toekomstige koshuise sal van 500 tot 750 studente elk moet huisves.

Verskillende nuwe geboue en verskuiwings word deur prof Bingle in die vooruitsig gestel.

In die eerste plek moet daar 'n gebouekompleks kom vir al die biologiese wetenskappe, waaronder plantkunde, dierkunde, mikrobiologie en biochemie. Hierdie kompleks sal drie geboue vir ander gebruik beskikbaar stel: die dierkundelaboratorium vir aardkunde, aardykskunde en bodemkunde; die plantkundegebou sal die administrasie kan huisves, terwyl die bestaande administrasiegebou vir die fakulteit regte en departement staatsleer beskikbaar gestel word.

'n Tweede kompleks geboue vir opvoedkunde en sielkunde moet teenoor die nuwe letteregebou opgerig word. Hierdeur word die sielkundegebou vir die ekonomiese wetenskappe beskikbaar.

Die fisika- en chemiegeboue moet deur 'n gebou vir gemeenskaplike gebruik verbind word. Voorlopig sal dit 'n tuiste moet bied vir wiskunde, toegepaste wiskunde, en statistiek wat later die fisiologiegebou moet betrek. 'n Gebou vir fisiologie en anatomie as voorloper van 'n mediese fakulteit moet by die farmasiegebou opgerig word.

### INGENIEURSWESE

Ook 'n fakulteit ingenieurswese, waarby inbegrepe argitektuur en landmeetkunde, word in die vooruitsig gestel. Die nuwe industriële chemiegebou kan as aanknopingspunt daarvoor dien. 'n Landboufakulteit op Pienaarskamp langs die dam word verder in vooruitsig gestel.

'n Fakulteit skone kunste kan by die konservatorium aangeskakel word. By die biblioteek kan perswetenskap, 'n drukkery, fotografie en radiowese aangeskakel word. Ook kan die departement biblioteekkunde met tertyd tot 'n fakulteit uitgebou word.

Die biblioteek moet grootliks uitgebrei word om onder andere voorsiening te maak vir 'n aparte biblioteek vir voorgraadse studente en 'n tak vir die natuurwetenskappe.

'n Studentesentrum en skouburg kan op die Oude Molenterrein opgerig word vir aanskakeling by die voorgestelde Fanie du Toit-sportterrein en Konservatorium.



**So lyk die nuwe Rektorswoning van die P.U. in Calderbanklaan. Die gebou is vanjaar betrek, en sal ook dien as gastehuis.**

# BEURSWENNERS TERUG, INDRUKKE

**„Hoewel die Engelse student ingeforseer is in die kenmerkende Engelse tradisiebewustheid is hy in wese net so 'n student soos ons in Suid-Afrika 'n student ken". So sê mnr. Fanie du Plessis en Roelf du Plessis, voorsitter en onder-voorsitter van Studenteraad, na hulle besoek aan Engeland as Abe Bailey beurshouers.**

Op 'n vraag het hulle gesê dat hierdie universiteite weens die besondere kollege-stelsel nie so 'n eenheidsgevoel vertoon soos die Suid-Afrikaanse universiteite nie. Tog kan hulle ook „gees vang" en meen die Engelse dat hulle Intervarsity die prototipe van alle intervarsities is.

### STANDAARD

Die akademiese standaard is waarskynlik hoër as by universiteite alhier en die rede is moontlik daarin geleë dat skoliere 'n jaar langer op skool bly en in 'n sekere mate meer gespesialiseerd is wanneer hulle op universiteit kom.

### VERWRONGE BEELD

Beide is dit eens dat die Engelse pers 'n verwronge beeld van Suid-Afrika vir die Engelse publiek skilder. As voorbeeld noem hulle die studentekoerant van die Londense universiteit waarin die voorsitter van die studenteraad 'n hewige aanval op die A.S.B. maak. Op subtiele wyse word die feite in die berig verdraai tot 'n verdoeming van Bantoe Hoër Onderwys in Suid-Afrika.

Baie min mense is skynbaar op hoogte met Suid-Afrika se probleme en min mense waarmee die twee Pukke gesels het, gee Blanke Suid-Afrika meer as 'n paar jaar kans om te bly staan. Studente en ander persone uit Suid-Afrika is veral hiervoor verantwoordelik. Omdat hulle die land en sy probleme ken is dit vir hulle maklik om die prentjie te verdraai.

### SAMEWERKING

**Ondanks onderlinge meningsverskille was die samewerking tussen die Afrikaans- en Engelsprekende studente in die toergroep verbasend goed en het hulle Suid-Afrika soos een man verdedig. Hoewel beperk dien die Abe Balleytoer ook as stimulant vir 'n beter verhouding tussen Afrikaans- en Engelsprekende studente in Suid-Afrika.**

# STANDBEELD ONTHUL

**Op Saterdag 27 Februarie is die ruiterstandbeeld ter ere van Generaal Koos de la Rey amptelik op Lichtenburg deur die Staatspresident onthul. Die totale oprigtingskoste van die standbeeld bedra sowat R32,000, waarvan die grootste gedeelte tot dusver deur die ywerige standbeeldkomitee ingevorder is. Die opbrengste van Vreugdedag te Lichtenburg in 1963 het ten bate hiervan gegaan.**

# Inlywing Afgehandel

**'n Inlywingsprogram wat plek-plek enkele hoogtepunte opgelewer het, was hierdie jaar weer die lot van beide die eerstejaars en die seniors. Sommige van die aksies het redelik suksesvol verloop.**

Die skynontheffing moet as een van die mees realistiese aksies van die afgelope aantal jare beskou word. Ander pogings, soos die treinreis en die eerstejaarskonsert, moes baie slaankrag inboet weens 'n gebrek aan samewerking van die massa.

### GESLAAGD

'n Besonder geslaagde aksie is Donderdagaand van stapel gestuur toe die S.R.-voorsitter, mnr. Fanie du Plessis, 'n metamorfose ondergaan het, en 'n hewige skynaanval in die persoon van mnr. Jones teen die Studenteraad geloods het. Lede van die S.R. moes net lelik bontstaan om aan die massa te verduidelik dat die „besluit van die Rektor om die Ontheffingsdinee reeds op die Vrydagaand te laat plaasvind" nie verontagsaam kon word nie. 'n „Magtelose en verslae" mnr. Roelf du Plessis moes daarna toesien hoe 'n „hewig protesterende massa" onder leiding van mnr. Jones die saal verlaat.

Hierdie inlywingsaksie het beslis die meeste eerstejaars om die bos gelei. Vrydagoggend het 'n groot deel van die eerstejaardames hulle doredrag afgewerp en sommige het selfs so ver gegaan om die dameshaarkappersalon te besoek.

Nuwe VERSLANKINGSMASJIEN in Potchefstroom . . .

"CHATTER BOX"

bied nou die geleentheid tot

**Wetenskaplike Verslanking**

deur middel van die nuwe

**„Slendermatic" Vibrator**

SKAKEL DADELIK VIR BESTELLINGS

**5077**

Almal vind die „Slendermatic"-masjien die ideale metode ter versekering van 'n pragtige, **SLANKE**, jeugdige figuur.

**"CHATTER BOX"**

ANDRÉHOF — TEL. 5077

# KUNSGESELSIE

SKAARS het die stofstorm van Dusty en Kie uitgewoed of ook die Puk is getref deur 'n stofwolk, — die slag die eerstejaars wat die campus oorgeneem het. Te oordeel aan die gehalte en onoorspronklikheid wat met Inlywingskonsert deur die eerstejaars aangebied is, is die kunskulturele lewe alhier maar bra stowwerig ingelui. 'n Mens kan maar net hoop dat die eerstejaars al gou hulle ware kleur sal wys en ryklik tot die opbou van kuns en kultuur hier op die Puk, deur die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur en sy onderliggame, sal bydra.

* * *

Nie minder as 70 studente het vir die eerste kursus in Drama en spraakleer ingeskryf nie. Van hierdie totaal 55 is Pukstudente. Onder die bekwame leiding van mnr. Teuns Botha en met so 'n groot getal leerlinge kan hierdie departement, in samewerking met die res van die instansies wat hulle op die Puk vir die spraaktoneel en spraakkuns beywer, ontwikkel tot 'n brandpunt op hierdie gebied in Wes-Transvaal. In die verlede het dit meermaal gebeur dat Potchefstroom vir sover dit toneel aanbetref karige bydraes kon maak, en lê daar derhalwe vir studente in die rigting 'n groot braakveld oop. Ons vertrou dat instansies soos Thalia en die Dramatic Society ryklik van die persone se talent en akademiese onderlegtheid gebruik sal kan maak.

* * *

Dit is egter nie net op die Puk waar die eksponente van kuns en kultuur hulle kan uitleef nie, maar is daar ook geleenthede soos die Wes-Transvaalse kunsfees wat binnekort op Klerksdorp plaasvind. Dit sal goed wees indien daar van die Pukke vir hierdie kunsfees inskryf en sodoende 'n vaste plek in die Wes-Transvaalse kunsfees verkry.

* * *

Agter die skerms het daar gedurende die vakansie groot bedrywigheid geheers met die reel van toerplanne en die verkryging van geskikte toerstukke. Aan al die besture wat belas is met die beplanning van die uitdra van die Puk se kunsvorms na buite word sterkte toegewens.

— BEDSA —

# Eliot Oorlede

Die Engelse digter T. S. Eliot is op Maandag 4 Januarie in Londen oorlede.

Hy is in 1888 in St. Louis, Missouri, in die V.S.A. gebore en het te Harvard, Sorbonne, Marsburg en Oxford studeer.

Eliot sal lank onthou word vanweë sy besondere vermoë om 'n rekbare begrip van geestelike en ander maatskaplike konsepte te vorm en aan sy lesers oor te dra.

Van sy bekendste werke is: "The Waste Land" (1922), „Ash Wednesday" (1930, met 'n duidelik waarneembare invloed van Dante), en „Murder in the Cathedral" (1935, sy eerste vollengte toneelstuk).



**'n Treurige uitdrukking op 'n hartseer blommeverkoopstertjie se gesig en die vraend onthutse uitdrukking op 'n professor se gesig — dit is die verhaal wat die foto vertel in 'n toneel uit die bekende musiekblyspel My Fair Lady wat tans in Johannesburg draai. Puk-fliekgangers sal binnekort die geleentheid gebied word om hierdie sprankelende film met die skitterende Audrey Hepburn en Rex Harrisson in die hoofrolle by te woon.**

# Skrywers Weet Niks Van Toneelskryf Nie

**Suid-Afrikaanse dramaturge en toneelresensente ontvang geen opleiding in die toneelkuns nie, het prof. Engelen, hoof van die Universiteit van Stellenbosch se drama-afdeling, gesê. Hy rig tans Truk se eerste Afrikaanse stuk van die jaar, „Die Ongewillige Weduwee," af.**

Die persone ontvang slegs 'n akademiese opleiding, en van toneel weet hulle niks. Suid-Afrikaanse skrywers se pogings is dikwels so foutief dat regisseurs dit feitlik onherkenbaar moet verander. Volgens prof. Engelen moet alle toneelskrywers klas loop by 'n dramaskool waar hulle alles van regie, spel, dekor en beligting kan leer.

## Hoogleraar In Toneel

Na 'n luisterryke loopbaan van vyftig jaar in die toneelkuns, het mej. Anna Neethling-Pohl vanjaar 'n pos as hoogleraar in Dramakuns aan die Universiteit van Pretoria aanvaar.

Mej. Pohl het haar B.A.-graad met Geskiedenis en Afrikaans as hoofvakke, aan die Stellenbosche Universiteit behaal. Reeds as student het sy besonder belang gestel in die toneelkuns en aan verskeie opvoerings deelgeneem. Vandat sy haar debuut gemaak het, het sy reeds in meer as honderd toneelstukke opgetree.

Mej Pohl is tans ook nog verbonde aan die S.A.U.K., maar sy gaan haar in Pretoria vestig. In haar vrye tyd sal sy haar vertaalwerk van dramas voortsit.

# U.P. Bied Grootse Kunsfees Die Jaar Aan

**Die Universiteit van Pretoria se veertiende kunsfees hou 'n groot aantal aangename verrassings vir die kunsliefhebber in.**

Die kunsfees word ingelei met 'n uitvoering deur Lionel Bowman, Ethyne Seftel en Pierre de Groot. Onder die groot aantal aanbiedings val die volgende: uitvoerings deur die Franse pianis Erice Heidsieck; die Madrid-kwartet, 'n Spaanse strykensemble, asook deur die Londense Dartington-strykwartet, die derde konsert van die Trukorkes met Ferdinand Fischilli (klarinet) as solis. Die deel van die kunsprogram word afgesluit met 'n uitvoering deur die Duitse Mannekoor.

Vir die opera- en balletseisoen bied die Pretorianers die première van Nabucco (Verdi) en die Coppelia-ballet aan. Ander premières wat aangebied word is die film van Jamie Uys oor die Studentlewe, Debbie, en die van die operette Die Onbekende Sanger deur die Pretoriase Operagroep.

Die Veertiende kunsfees word afgesluit met uitvoerings deur die bas-bariton, Norman Bailey, en 'n uitvoering deur die Johannesburgse Simfonieorkes.

## Beurs Vir Toneel

Die eerste houdster van die Jamie Uys-beurs van die Universiteit van Pretoria is Marga van Rooy, toneelspeelster by die Afrikaanse groep van TRUK.

Hierdie beurs van R500 vir oorsese studie van die toneel- en filmkuns, is een van vier wat deur Jamie Uys, bekende filmman en oudstudent van U.P. daargestel is. Hierdie beurse kan allenlik verwerf word deur studente, oudstudente en personeellede van U.P.

Benewens haar talle studenteopvoerings is dit haar rol van Maria, in die Twaalfde Nag van Shakespeare, wat mej. Van Rooy hierdie toekenning besorg het.

● Mej. Van Rooy is veral vanweë haar A.S.B.-optredes aan die Pukke bekend. Daarby was sy ook Primaria van Asterhof en lid van die Studenteraad van U.P.

## Volkspele-leidster

Mej. Tersia Geere is as leidster van die P.U.-Volkspelelaer verkies in die plek van mej. Marthie Vorster wat die Puk verlaat het. Mej. Herma Roux is as addisionele dameslid op die bestuur verkies.

# Toekenning Vir Die Ysterkoei

**Die Suid-Afrikaanse skrywer Breyton Breytenbach se jongste digbundel „Die Ysterkoei moet sweet," asook sy jongste versameling prosasketse, „Katastrofe", is onlangs bekroon met die A.P.B. se jaarlikse toekenning vir die beste publikasie in Afrikaans.**

Professor N. P. van Wyk Louw van Johannesburg, professor D. J. Opperman van Stellenbosch, en dr. F. I. J. van Rensburg van Bloemfontein, het as beoordelaars opgetree.

Mnr. Breytenbach is 'n waardige eksponent van die modern-Afrikaanse eksperimentele letterkunde. „Arm is perd kamer stoel se genoeg ek is moeg o plesier sterwe" is 'n voorbeeld van een van die intreesinne van een van sy „Katastrofe"-sketse.

Wat die modern-Afrikaanse letterkunde betref is mnr. Breytenbach se standpunt: „Ek glo dat die komende geslag skrywers die deurslag sal gee. Wat van belang gaan wees, is wat die Sewentigers gaan doen."

## VERENIGINGS BEOOG

'n Komitee van die A.B.K.K. ondersoek tans die moontlike stigting van 'n vereniging vir Beeldende Kunste asook vir Fotografie.

Pukke wat in sodanige stigting belang mag stel, word versoek om voorstelle in die verband in die bussie van die A.B.K.K. by die S.R.-kantoor te plaas.

Dit is reeds 'n geruime tyd dat 'n gebrek op die twee gebiede gevoel word en sal so 'n stigting meehelp om die kuns en kulturele sy van die studentelewe nog verder te versterk.

## KRINGAAND

Alle persone wat belang stel in die debatkuns, vasvrae en uitbreiding van hulle algemene kennis word herinner aan die eerste byeenkoms van die P.U.-debatsvereniging se kringaand wat op Dinsdagaand 2 Maart in die sitkamer van die Ferdinand Postma-biblioteek gehou sal word. Die kringaande neem die vorm aan van bespreking van aktuele onderwerpe waarna algemene bespreking plaasvind.


Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi Wintermateriaal
★
Nomotta-wol in Voorraad

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese Dienste
TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING
DIE BULT-APTEEK
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
Ondersteun 'n Oud-Pukkie




# Tweedejaarspiekniek Baie Geslaagd

**'n Aangename en baie geslaagde Tweedejaarspiekniek is Saterdag aan die Vaalrivier by Parys gehou.**

Twee busse het die sowat 120 singende Pukke in die vroeë oggendure by die piekniek-terrein afgelaai waar hulle ingewag is met toebroodjies, boerewors en verwelkomingstoesprake. Nadat die innerlike versterk is, het van die Pukke aan speletjies langs die rivieroewer deelgeneem. Bofbal, derdemannetjie en selfs sokker was aan die orde van die dag. Van die dames het hulle uitstekend as doelwagters onderskei.

Middagete het bestaan uit heerlike braaivleis en pap opgevolg deur 'n „Siesta" onder die Soetdoringboomkoelte.

Een van die belangrike gebeure van die dag was ongetwyfeld die waatlemoenfees. Nadat die lekker van die waatlemoen na die regte plek gestuur is, het die skille hulle weg na mede-Pukke se gesigte gevind.

Met 'n nuutgevonde sleep aan die sy het een van die Pukke opgemerk „Dis nou wat ek 'n piekniek noem." 'n Ander het gesê hy voel soos 'n standerd vier outjie wat in 'n opstel kan skryf „dat hy moeg maar tevrede huistoe gaan."

## Ekstra Jaar Bepleit

Dr. E. G. Malherbe, rektor van die universiteit van Natal, bied in Optima van Desember 1964 'n oplossing vir die tyd, geld en breinkrag verkwis deur die hoë druipsyfer onder die eerstejaars. Hy stel 'n voorbereidingsjaar aan universiteite voor waartydens die eerstejaars se algemene opleiding vanaf die skooljare sal voortgaan alvorens hulle kan begin spesialiseer in enige bepaalde rigting.

Verder vereis dr. Malherbe dat die student sy "fondamentjaar" in geheel slaag. Dit sal verseker dat hy sy basiese jaar in 'n ernstiger lig beskou.

**IN STAAT**

Die universiteit is dan self in staat om sy studente vir voortgesette studie in bepaalde rigtings te keur en hoef hom nie op die matriekuitslae alleen te beroep nie.

Die inleidingsjaar sal nie noodwendig beteken dat die duur van die universiteitsopleiding verleng word nie, sê dr. Malherbe.

Dr. Malherbe noem verder die onrusbarende feit dat volgens 'n opname van die W.N.N.R. slegs tien persent van die blanke Suid-Afrikaners tussen die ouderdomsgroep 17-19 jaarliks die vereiste onderwysstandaard vir universiteitêre toelating behaal.

# GEWELDIGE TOENAME VAN S.A. STUDENTETALLE

**Meer studente as in enige vorige jaar het vanjaar na Suid-Afrikaanse universiteite gestroom.**

**Sowat 500 eerstejaarstudente het aan die P.U. vir C.H.O. geregistreer. Vir die eerste keer sedert die instelling van militere diensplig het meer mans as dames aansoek om toelating gedoen.**

Die toestroming van eerstejaarstudente na die P.U. is vanjaar so groot dat 'n beroep op die personeel gedoen is om met die huisvesting van studente te help.

Voorlopig is die ergste koshuiskrisis in die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. afgeweer deuringerig is vir veertig mans, terwyl twee-en-dertig dames in ontspannings- en taskamers in die bestaande koshuise geplaas is. Daar is dadelik begin met die aanbou van 'n addisionele vleuel vir Oosterhof.

Die Onderwyskollege se maksimum is 1,200 en slegs 'n beperkte getal van 400 eerstejaars studente kon ingeneem word. Die gevolg was 'n besonder streng keuring van die aspirantleerkragte.

**PRETORIA**

Die universiteit van Pretoria sal vanjaar waarskynlik 'n studentetal van tienduisend oorskry. Verlede jaar het net meer as 9,600 studente aan die U.P. geregistreer.

Na 'n uitgebreide program oor die afgelope paar jaar is U.P. tans in so 'n posisie dat koshuisverblyf verskaf kan word aan alle studente wat nie oor ander losies beskik nie.

Die universiteit van Suid-Afrika se studentetal het in 1964 op 16,326 te staan gekom, terwyl doserende personeel oor die 300 en die administrasie 270 persone in diens gehad het.

Met die opening van die Witwatersrandse Universiteit is aansoeke van 266 studente om toelating tot die koshuise afgewys. 'n Losies-komitee is in die lewe geroep om verblyfplek vir studente te vind in privaatwonings. Vanjaar word 'n rekordgetal studente verwag. Altesaam 6,627 studente het verlede jaar aan Wits geregistreer.

**KAMPGERIEWE**

Van Kaapstad is berig dat kampgeriewe voorsien sou moes word op die rugbyvelde indien daar nie verblyfplek vir 300 studente gevind kon word voor die universiteit geopen het nie.

Die toenemende studentetalle aan Suid-Afrikaanse universiteite het reeds tot gevolg gehad dat **die Universiteit van Port Elisabeth vanjaar begin.** 'n Afrikaanse universiteit aan die Rand word ook in die nabye toekoms in die vooruitsig gestel.

● Aldus prof Pauw in "Unisa" van 1964 het die V.S.A. nagenoeg 4½ miljoen, Brittanje en Frankryk oor die 200,000 en Suid-Afrika omtrent 60,000 studente. Jaarliks word daar nagenoeg 1,000 nagrade waaronder 100 doktorsgrade deur Suid-Afrikaanse universiteite toegeken. Verder is daar omtrent 1,000 Suid-Afrikaanse studente wat in die buiteland studeer.

## Nuwe Kursusse

Die P.U. vir C.H.O. is tans besig om grootskaalse ontwikkeling te beleef. Die feit blyk onder andere uit die openingsrede van die Rektor, prof. H. J. J. Bingle.

Verskeie nuwe kursusse word vanjaar aangebied waaronder 'n graadkursus in Streeksbeplanning en 'n driejarige diploma in Regte, 'n diploma in Spraakleer en Drama, 'n B.Sc. (Ekonomie)-kursus, 'n Laer Universiteitsonderwysdiploma in Skoolmusiek asook 'n Laer Universiteitsdiploma in Handel. Verder word daar ook 'n B.A. (Ver **pleegkunde), in vooruitsig gestel.**

Inmiddels is dit goedgekeur dat die departement Regte in 'n fakulteit omskep sal word.

In sy openingsrede het prof. Bingle verder gesê dat die Universiteit in die toekoms ook die fakulteite Ingenieurswese, Skone Kunste, Medies en Landbou moet bykry.

# MATRIEKUITSLAE POLEMIEK

**Die afgelope matriekeksamenuitslae het die bewering dat Afrikaanssprekendes swakker as Engelssprekendes presteer, weerlê.**

Die feit dat die meeste topmatrikulante Afrikaanssprekend is moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die hoë peil wat op die oorgrote meerderheid van die Afrikaanse skole gehandhaaf word. Al tien die leerlinge wat in Transvaal in ses of meer vakke onderskeidings behaal het is Afrikaanssprekend.

Volgens die Engelse Sondagblaaie is hierdie feit toe te skryf daaraan dat die Engelse skole nie genoeg onderwysers het nie. Ook word beweer dat baie Engelse leerlinge na privaatskole gaan en die eksamenuitslae nie altyd in die koerante gepubliseer word nie. Die twee groepe kan dus nie op die gepubliseerde uitslae vergelyk word nie.

Toe die mening van dr. Arthur Bleksley gevra is het hy gesê: „Dit is gevaarlik om tot enige gevolgtrekking te kom. Die hele ding is hopeloos te hipoteties."

● Sewentig persent van die leerlinge in Transvaalse skole is Afrikaanssprekend.

# *Oorsese Beurse Vir Puk-Studente*

Beurse vir oorsese studie is onlangs aan Puk-dosente en studente toegeken.

Prof. dr. F. J. J. Coetzee, hoof van die departement Ekonomie, wat tans as ruildosent aan die Vrye Universiteit van Amsterdam lesings gee, het 'n beurs van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ontvang. Vanaf Nederland sal hy vir ses weke na Amerika en Kanada gaan.

**Mnr. Nic Swart, dosent in Bedryfsekonomie, het beurse ter waarde van R9,000 verwerf. Hy het vir twee maande na Nederland en Duitsland vertrek, vanwaar hy na Amerika gaan om sy doktorsgraad in Bedryfsekonomie te behaal.**

Mnr. P. J. van R. Henning het 'n Universiteitsbeurs asook 'n British Councils Scholarship vir verdere studie in die Regte verwerf.

Mnre. M. J. H. du Plessis en A. H. G. Grobler het Nasionale beurse verkry om onderskeidelik in Frankryk en Duitsland te studeer.

Mnr. P. P. Kruger het beide 'n C.H.O. en Universiteitsbeurs verkry vir doktorsgraadstudie in Teologie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam.

## SEELKLUB

'n Seëlversamelingsklub is onlangs in Potchefstroom gestig. Vergaderings sal elke eerste Dinsdag van die maand gehou word.

## POTCH. NUUS

7 Maart is die laaste datum waarop Potchefstroom se ongeveer 15,000 trapfietse en 13,000 motors en motorfietse se lisensies hernu moet word.

* * *

'n Moderne biblioteekgebou, aangepas by die kultuur van die Bantoe, sal eersdaags in die Ikagengbantoedorp van Potchefstroom geopen word. Die gebou sal by voltooiing ongeveer R6,000 kos, en sal onder meer naslaanwerke, verhalende lektuur en tydskrifte voorsien.


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM






Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig.

# GEKUS EN GEKEUR

SOOS ek aan die einde van verlede jaar gesê het: as die kys d'e vakansie oorleef, is dit „tickets". Nou moet ek verneem dat daar 'n hele paar „pare" is wat my waarskuwings verontagsaam en hardnekkig bly „klou" het. Aan al diegene: geluk, ek haal my beste kerkhoed af. Aan die ander: probeer weer, onthou ons rubriek moet aan die lewe bly.

**STOETKAART-HEROE'S**

Nou-, a, kyse is maar skraal die tyd van die jaar, maar na d'e ontheffingsdinee sal Kupido sy pyltjies moet vervang met atoomaangedrewe kernprojektiele, want al die dore wil glo hulle „stoetkaart-heroes" met regtes vervang.

Ook die drake laat nie op hulle wag nie. Kyk dan maar hoe goed pas Johan van Wyk vir Pranie du Plessis op!

**KERNGOETERS**

So van kernaangedrewe goeters gepraat: Richard Ingram het mos glo vir Helene de Wet vertel dat hy sy bromponie „opgehot" het met 'n tikkie atoomkrag hier en 'n paar kernprojektiele daar. Nou sing hulle glo „fly me to the moon" elke keer as hulle op die gevaarte ry.

Martie Ras voel baie eensaam vandat Edie in Johannesburg is. Sy sê hy het gaan geld verdien. Waarvoor?

Frannie le Roux se sakies is deesdae ook taamlik deurmekaar vandat haar Regte-man nie meer hier is om haar by te staan nie.

**ANTI-ATOOM**

Piet Bingle het 'n anti-atoomorganisasie aan die gang: hy „sleep" liewer vir Ansie Nel aan haar hare rond.

Elize Grundlingh se „vuur" brand glo nog net so warm vir haar Fires van Vuuren.

Het u al opgemerk hoe blink Jeanette Swart se oë deesdae as sy 'n OMF-motor sien? Ek weet.

Elna Bos het glo vir Jannie de Wet beduie waar Oosterhof se voordeur is, en nou is die drumpel al deurgetrap.

**DIGTERLIK**

Van wanneer af is Mariëtta Scheepers se matriek-Duits so goed dat sy sommer vyf Duitsers gelyk kan aanhou?

Ek het nog altyd gesê dat Wilna le Roux iets van 'n digter in haar het. Neem nou maar byvoorbeeld: Koos Roos.

Dave Tromp het hierdie keer vir Helen Porter-Smith trompop stormgeloop. Nou wag ons op die uitslag.

**POEDING**

Nou vir die poeding; Ria Swart en Leendert Niemand het na twintig jaar van onafgebroke sleep die „affêre" met 'n ring beklink.

Cora Viljoen het mos haar hart op Hartswater verloor. In die plek daarvan het sy darem 'n yslike diamant gekry. Reg Miller en Marie Myburgh het dieselfde ding aangevang.

Hierdie geluk het ook vir Petro Schutte en Neeltje Seegers getref. Laat bietjie weet wie die gelukkige ouens is.

**HUWELIKE**

Die lewe staan nie stil nie en dinge moet noodwendig ontwikkel — vamp-kys-verloof — en siedaar die strop is om die nek. Hierdie teorie het die afgelope vakansie gekulmineer in huwelike tussen Jan Kruger en Marie Pienaar, Tom Lotz en Amanda Hammersma en die wetenskaplike samestelling tussen Chris Bornman van Fisika en Martie van Jaarsveld 'n oud-Puk. Dis mos hoe dit hoort, room by die poeding en 'n jiem by 'n door (of is dit dalk andersom?)

Baie geluk ook aan Cassie van der Walt en Mercia Venter met die huwelik. En dan het ek ook nou die adg gehoor dat Hestertjie van Wyk vir Johan Kruger „ou man" noem. Van harte geluk julle kys-bittereinders.

Tot volgende keer:
LEKKER SLEEP,
Die uwe,
Kaaikie Kekkelbek.

## War Cry Versus 007

"War Cry", amptelike orgaan van die Heilsleer, loods in sy Januarie-uitgawe 'n heftige aanval op Ian Fleming se James Bond.

**VERDOEM**

Alles wat Bond dink of sê of doen word verdoem. Daar is genoeg getuienis teen hom: Hy is 'n sadis, 'n suiplap en vergeet tog nie „his pursuit of unchaste pretty girls at 100 m.p.h." Hy dink nie eers aan trou n'e. Hy verlei nooit 'n meisie nie; sy meisies hoef nie verlei te word nie — hulle is almal en altyd onkuis.

**007 SE SKULD**

Die aanval is gedoen na 'n aankond'ging van die Britse pol sie dat veral padongelukke en jeugmisdaad die jongste tyd n ontsettende toename toon. "War Cry" gee 007 die skuld.

"The Idler" van die "Natal Mercury" vra waarom "Niks-Niks-Sewe" so gewild is — hy is bere'd om R10 vir die beste argument te betaal. Wat sê die „Wapad"-lesers van "War Cry" en 007?

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."
Turkstra
TE KRY BY U KAFETERIA

ONS SPESIALISEER IN
MODERNE HAARSTYLE
DIE BULT
DAMESHAARKAPPER-SALON
TOMSTRAAT 86A TELEFOON 5136
TELEFOON 5537 KERKSTRAAT 180



Dit is die snit wat tel . . .
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
J. Tod Suttie
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 3411

# Flitse Uit Die Modewêreld

**Dames, sou die ou lewe darem nie oninteressant gewees het sonder die wispelturigheid van daardie outokraat wat „mode" genoem word nie.**

As u egter 'n dramatiese verandering in hierdie jaar se wintermodes verwag, gaan u teleurgesteld wees. Tog is daar subtiele veranderinge waaraan die modebewuste dametjie uitgeken sal kan word.

Tweede is vanjaar die materiaal; nie meer die swaar en diggeweefde stof van verlede jaar nie, maar lig en lugtig en met fantastiese drapeermoontlikhede.

Kleure vir vanjaar is sag met subtiele skakerings. Ook is daar dramatiese konstraste van kleure soos wit, swart en blou.

**A-LYN**

Skouers het 'n vernoude voorkoms die winter. Rompe behou 'n gemaklike informele voorkoms, smal om die heupe en klok uit na onder in 'n A-lyn of platplooie.

Berets is in: oortrek-velts, vierkantig gesnyde rante, hoë spits vorms. 'n Interessante verskeidenheid om van te kies.

Vir die aand is daar sulke interessanthede soos Harem-langbroeke en vlermuismoue. Dit lyk asof „My Fair Lady" 'n sterk invloed op vanjaar se modes uitgeoefen het soos gesien kan word in die jaarts van lint op rokke, hoede ens.

KARIEN

## Makouvlei Sing

Vroeg Maandagaand het die Makouvleiers die Pukdames op 'n onvoorbereide serenade vergas. Die reaksie was baie goed en veral by Ons Huis en Kulu is die mans geesdriftig begroet.

Dit lyk of serenades beter slaag indien dit vroeër in die aand gedoen word terwyl almal nog wakker is

## FLIEKFLIKKERS

„My Fair Lady" is deesdae baie op die voorgrond en entoesiaste (fliekflooie) kan gerus in die loop van die jaar gaan vasstel of die prent verdien om bestempel te word as die beste musiekfilm van 1964.

„A Hard Days Night", die „gevierde" produk van die Beatles is ingesluit in die lys van die tien beste rolprente van die jaar. Ander films wat ook op hierdie lys verskyn is „Seduced and Abandoned", „The Fire Within", „The Girl with the Green Eyes" en „The Servant".

'n Fliek wat beslis die moeite werd is om te sien is „Beckett" met Peter O'Toole en Richard Burton in die hoofrolle. Ons kry in die prent skitterende toneelspel en 'n goeie storie. Ook hierdie prent word onder die tien bestes geag.

Wat die fliekdis betref is die vooruitsigte dus nogal rooskleurig en die verskeidenheid sodanig dat 'n groot deel van ons ou volkie darem oor iets in die filmwêreld, in ekstase kan raak.

## Shakespeare-dag

Die afgelope tyd het weereens bewys gelewer dat die manne van Dawie Dup-Noord kultuurhandhawers soos min is. Die feit dat 'n Shakespeare-dag uitgeroep en op indrukwekkende wyse deur die eerstejaars herdenk is, het Dawie Dup-Noord onteenseglik as 'n kultuursentrum van faam bewys.

**KULTUURSKAT**

Die eertejaars het ryklik geput uit hierdie kultuurskat en kwotasies het in die meeste gevalle vermink herlewe. Tog wonder 'n mens onwillekeurig of bewoë woorde soos: „How weary, stale, flat and unprofitable seem to me all the uses of this world!" al ooit met meer gevoel en waardering voorgedra is as deur 'n draak.

# Oudames Se Bluf Keer Ouhere Nie

Jiems, sproete, toutjieshare, sykousvlegsels en selfs goggas is gedurende die afgelope inlywing gebruik om die Ouhere onder 'n wanindruk oor die aardse skoonheid van die Dore te bring, en, alles tevergeefs!

Die klinkklare bewys daarvoor: Vrydagoggend om sesuur is die skietlys oopgestel. Toe die "eerste" Ouhere in die koue en donkerte van vieruur-oggend begin opdaag het om voor in die ry te wees en die mooiste Door te kies, moes hulle uitvind dat hulle ver van voor staan. Voor die S.R.-kantoor het 'n lang ry beddens gestaan van Ouhere wat reeds deur die nag hulle aanspraak kom verseker het.

Wat die slapers betref, is daar maar een-manskoshuis wat soveel vir 'n goeie saak opoffer. Uitspan. Buiteslaap en vroegopstaan is ryklik beloon toe die Oudames bekaf moes sit en toekyk hoe die roosknoppe onder goeie en ervare sorg die Ontheffingsdinee bywoon.

## Inspirasie vir Oudames

Die koerante beweer dat koningin Sirikit van Thailand bo-aan die lys staan van die wêreld se besgeklede vroue. Mev. Kennedy neem glo die tweede plek in. Dit laat mens nou onwillekeurig wonder wat dan van die Puk se oudames geword het. Dit is 'n skande dat die wêreld se besgeklede vrou in 'n plekkie soos Thailand moet wees, terwyl hier soveel talent op die Puk te vinde is. Selfs die Dore kan hulle vir so-iets beywer; trouens hulle was in die afgelope tyd so modieus gekleed dat dit mens nie sal verbaas as hulle die Oudames kwaai opdraand gaan gee in die mededinging vir hierdie gesogte onderskeiding nie. Hulle sê mos „die vere maak die voël" of hoe?

# *Boodskap Op Dinee*

**„In 'n tydperk waarin die Universiteit op die vooraand van groot ontwikkeling staan, is dit essensieël dat studente 'n ewewigtige balans tussen studie en ontspanning moet handhaaf," het mnr. Johan van der Vyver, dosent aan die P.U. gesê toe hy 'n heildronk op die eerstejaars tydens die Ontheffingsdinee ingestel het.**

Hierdie dinee, wat in die Totiussaal gehou is, het gevolg na 'n week van inlywing waarin die nuwe aankomelinge touwys gemaak is in die instellings en tradisies van die universiteit.

Die verantwoordelikheid wat daar op alle studente rus om nie net ingeskrewe studente of plesiermakers te wees nie, maar om saam te beplan aan 'n groter toekoms sonder om die eie identiteit te verloor, is deur al die sprekers tydens die dinee beklemtoon.

„Ons wil die konserwatiefste van die konserwatiewes wees sonder om bekrompe te wees", het die rektor prof. H. J. J. Bingle in sy boodskap gesê. „Ons studente moet eg Afrikaans met die kwalifiserende eienskappe van Konserwatief — Afrikaans en Christelik Nasionaal wees om die nuwe te verbind aan die ewigdurende in die beginsel en sodoende vas te staan."

**DOEL**

Dirk Laus, wat namens die eerstejaars gepraat het, het gesê dat die Inlywing ten doel gehad het om die Eerstejaars te laat besef dat hulle nog aan die onderpunt van die leer staan en leiding van die seniors moet ontvang. Die plig lê dan ook by die seniors om die nuwelinge op die regte wyse te lei.

'n Uiters aanskoulike uitbeelding van 'n vertrekkende seilskip is deur die reëlingskomitee as tema aangebied. Op die verhoog is die dek van 'n seilskip voorgestel en die dinee is ingelui deur klankeffekte wat die indruk van 'n vertrekkende skip realisties voorgestel het. Die kenmerkende kraakgeluide van 'n houtskip en gepaste musiek het 'n besonderse atmosfeer tydens die dinee geskep.

# PUKSWEMMER HAAL PROTEA B-SPAN

Dexter White wat die Puk op 'n Interuniversitêre swemtoernooi as swemmer verteenwoordig het, het daarin geslaag om die Protea B-span te haal wat teen W.P. geswem het.

Hierdie prestasie kan as die voorloper van groter prestasies beskou word aangesien die ondervinding wat hy opgedoen het van onskatbare waarde sal wees. Behalwe die een swemmer is die Puk ook verteenwoordig deur 'n waterpolospan. Die swemklub moes sonder 'n aantal van hulle ou staatmakers klaarkom.

**SPEELVLAK**

Daarbenewens was die lengtesspeelvlak in die waterpolo baie ongewoon vir die Pukspelers en het dit veroorsaak dat hulle slegs 'n sewende plek uit agt kon inneem. Dit kan miskien genoem word dat die verandering van die Puk se speelvlag na 'n lengtespeelvlak baie sal bydra om die standaard te verbeter..

**PROF. SORGDRAGER**

Prof. Sorgdrager, 'n ou veteraan op die gebied van swem, het as toervader opgetree en is dan ook aangestel as swembeampte en skeidsregter. Hy is ook verkies as lid van die keurkomitee van die Interuniversitêre swemunie.

Die hoë standaard van universitêre swem het dit moontlik gemaak dat 'n besluit geneem kon word om in 1965 'n gekombineerde swemspan na die Internasionale universiteitbyeenkoms in Boedapest te stuur.

Die Puk het ook daarin geslaag om vierde te eindig in die 4x66⅔ wisselslag aflos. Met al die veterane weer beskikbaar en die insluiting van eerstejaars behoort die Puk grootliks te verbeter tydens die Noordelike Intervarsity op Wits.

# Kriekethumor

Gedurende die afgelope kriekettoetsreeks teen Engeland het 'n verontwaardigde toeskouer as gevolg van die kabaal oor Suid-Afrikaanse skeidsregters, by die Suid-Afrikaanse persbank ingestorm menende dat dit die Engelse persbank was en geskree: "You are writing about our umpires again, are you? Why don't you go back to Barbara Castle where you belong? And, if you don't like it you can come outside with me."

# Wat Is Die Doel Van Sportstigting?

**Die sportstigting van Suid-Afrika is onlangs deur die Rembrandt-groep van maatskappye met die aanvanklike fonds van R1,000,000 in die lewe geroep om die belange van amateursport te verbeter.**

Die lede van die stigting stel dit duidelik dat hulle van plan is om kampioene te kweek en hulle verkeer onder die duidelike besef dat indien daar eersteklas resultate verlang word die sportman die beste moontlike geriewe en afrigting tot sy beskikking moet hê.

**BEOOG**

Die stigting beoog veral drie dinge, naamlik:

1. Om die tegniese gehalte van amateursport te verbeter.
2. Sportklubs en liggame met afrigting te help.
3. Help om buitelandse sportkenners en afrigters na Suid-Afrika te bring.

Geen moeite is ontsien om slegs die beste afrigters aan die stigting te verbind nie, want die stigting het daarin geslaag om die dienste van Gert Potgieter, wêreldrekordhouer in die 440 tree hekkies te bekom, asook Suid-Afrika se krieketkaptein Trevor Goddard. Cliff Drysdale wat Suid-Afrika in die Davisbeker-tenniskompetisie verteenwoordig het, het ook sopas lid geword van die stigting.

---

Johan Claassen Broers het die alleenreg verkry om rugbybroekies van kontinentale snit met knope in plaas van rek in Potchefstroom te versprei.

# Sportgeselsie deur Rydan

'n Jaar of wat gelede is op meer as een massavergadering op die Puk redes gevoer oor die min belangstelling van die doserende personeel in studentebedrywighede. Aanbevelings is gedoen dat dosente op besture en tot afrigters van die verenigings en sportklubs benoem word om die belangstelling aan te wakker — met gedeeltelike sukses.

Prof. S. P. van der Walt, tot verlede jaar Rektor van die Teologiese Skool, is 'n goeie voorbeeld van 'n dosent wat meer as blote akademiese belangstelling in sy studente toon. Hy is verlede jaar met die S.R.-verkiesings in September tot President van die Rugbyklub verkies in die plek van wyle mnr. Vaatjie du Toit, en het in die kort tydjie sedertdien reeds baie waardevolle werk vir sy klub verrig.

**TREURIGE TOESTAND**

U sal onthou in hoe 'n treurige toestand ons rugbyvelde verlede jaar was. Dit was deur prof. Van der Walt se toedoen dat die man wat Ellispark se velde in so 'n puik kondisie hou hierheen gebring is om professionele advies aan die Puk se terreinpersoneel te gee aangaande metodes om ons velde op te knap. Dit was ook deur sy toedoen dat genoeg kunsmis gratis van Sasol af verkry is vir die opknappingswerk.

Die gevolg is dat die toestand van die rugbyvelde vanjaar beter is as in baie jare, hoewel die behandeling daarvan bietjie te laat in die seisoen uitgevoer kon word om dit perfek te maak.

Ek hoop meer van die professore en lektore sal in die toekoms prof. Van der Walt se prysenswaardige voorbeeld volg en werklik 'n lewendige belang hê by die studente se buitemuurse bedrywighede.

**EERSTEJAARS**

Om vandag af te sluit, 'n ernstige beroep op die eerstejaars om hulle volle gewig in te gooi om sport op die Puk op 'n hoë standaard te kry (in sommige gevalle) en te hou.

Vergeet die idee dat mens 'n groter sukses van jou studies maak as jy geen tyd afstaan vir sport nie.

Dit gebeur jaar na jaar dat skitterende sportmanne en vroue van hoërskole af hier aankom en nooit weer van hulle gehoor word nie. Vanjaar moet dit nie weer die geval wees nie.

In verskeie sportsoorte is die Puk onder die toonaangewendes in Wes-Transvaal. Kom gooi julle gewig in en hou dit so.

RYDAN

# PUKATLETE PRESTEER

**DIE ATLETE van die Puk het hulle Woensdag in die Wes-Transvaalse proewe weer deeglik laat geld.**

Dit was veral die naellopers Trevor George en Pietman Botha wat weereens die oog gevang het. Trevor George het die 100 tree vir mans gewen in **9.9 sek.** nadat hy 'n uitstekende wegspring gehad het. Hy het ook die 220 tree gewen in 22.7 sek., maar Pietman Botha het in die uitdun 'n beter tyd van 22.2 sek. aangeteken. Pietman Botha het ook in die 440 goed vertoon deur dit te wen in 49.3 sek sonder dat ny veel teenstand ondervind het.

**GENAEL**

Willie Coetzee het pragtig genael in die hekkiesnommers deur die 120 tree hekkies te wen in 14.6 sek. asook die 220 hekkies in 25 sek.

Mej. C. Malan het ook twee nommers gewen — die skyfwerp met die goeie afstand van 131' 10" en die gewigstoot met 'n afstand van 35' 9½" terwyl mej. M. Steyn tweede was met 35' 7¾".

Eersteplekke is ook behaal deur mej. Alberts in die dames spiesgooi met 'n afstand van 102' 5", terwyl P. Mulder die spiesgooi vir mans gewen het met 'n afstand van 177' 7".

Koos van Vuuren, wat nog 'n junior atleet is, het goed vertoon deur die senior myl te wen in die goeie tyd van 4 min. 46.5 sek.

● 'n Kenmerk van die atletiek was dat die atlete nog nie behoorlik fiks is nie, maar nogtans behoort 'n hele paar Pukke verseker te wees van 'n plek in die Wes-Transvaalse span.

# SPORTFLITSE

'n Nuwigheid op die gebied van krieket is besig om baie gewild te word. Enkelpaaltjiekrieket is besig om so gewild te word dat daar selfs sprake is dat dit binnekort op nasionale basis gespeel sal word.

Daar is nie sprake van tydmors in hierdie enkelpaaltjiekrieket waarin net twee spelers teen mekaar te staan kom nie. Die bouler stuur 40 balle af en die kolwer moet probeer om soveel moontlik lopies aan te teken. Daarna ruil bouler en kolwer om en die speler met die meeste lopies is die wenner.

* * *

Die universiteit Rhodes verkeer in die baie gelukkige posisie dat hulle tans oor die dienste van vier Springbokswemmers beskik. Hulle is mej. Jill Beyers, Jon Reen, Neil Oldridge en Geoff Grylls.

Hule het uitstekend op die Interuniversitêre swemtoernooi gevaar en dit is veral aan hulle te danke dat O.P. tans as een van die sterk swemprovinsies beskou word.

* * *

Tommy Bedford, die 23-jarige Springbokagsteman en flank, is die Natalse Rhodesbeurs vir verdere studie aan die universiteit Oxford in Engeland aangebied. Tommy wat pas sy graad in argitektuur aan die Natalse Universiteit behaal het, sal nou vir die grootste gedeelte van sy loopbaan nie meer vir Suid-Afrika beskikbaar wees nie.

---

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.


# SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

# AANTREKLIKE LOOPBANE

**Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:**

| | Indien in besit van | Aanvangsalaris |
|---|---|---|
| Assistent-ingenieur | B.Sc. Ing. | R2,250 p.j. |
| | B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc. | R2,400 p.j. |
| | M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc. | R2,550 p.j. |
| Metaalkundige / Skeikundige | B.Sc. | R1,950 p.j. |
| | Hons.-B.Sc. | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. | R2,250 p.j. |
| Bestekopmaker | Diploma Bourekening | R1,950 p.j. |
| | B.Sc. Bourekening | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. Bourekening | R2,250 p.j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar) | 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p.j. |
| | 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R1,650 p.j. |
| | 'n Magistergraad | R1,875 p.j. |
| | 'n Doktorsgraad | R2,025 p.j. |

**Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.**

# Pukke Vaar Goed In Laaste Krieketwedstryd

**In een van die spannendste wedstryde hierdie seisoen het Milner Old Boys net daarin geslaag om 'n neerlaag teen die Puk af te weer. Teen die einde van die wedstryd het die Puk nog sewe lopies nodig gehad om te wen.**

M.O.B. het eerste gekolf en is van die baan gestuur deur die goeie boulwerk van Willie Roux (5/38) en Gavin Webster (3/35). Milner se beste kolwers was Cole met 29 en Van Staden (23).

In die Pukke se eerste kolfbeurt kon hulle nie die mas opkom teen Rudling se boulwerk nie en is vir 96 van die baan gestuur. Vir die Puk het Willie Roux 24 aangeteken terwyl goeie bydraes ook gekom het van Fanie du Plessis (17), George Heunis (15) en Lappies Labuschagne (15).

Die Puk se boulers het in Milner se tweede beurt weer daarvoor gesorg dat die wedstryd nie in Milner se guns swaai nie.

Hulle is vir 107 uitgehaal deur Willie Roux 3/34), Gieter van der Walt (3/34) en Schalk Conradie (3/11).

Die Pukke moes dus in hulle tweede beurt 118 lopies aanteken om te wen. Teen uitskeityd het hulle reeds 110/8 aangeteken hoofsaaklik as gevolg van goeie kolfwerk deur George Heunis (28), Fanie du Plessis (19 n.u.n.) Neels van Niekerk n. u. n. n.u n. en Lappies Labuschagne (14), wat sy lopies in een boulbeurt van Rudling aangeteken het.

## Piet Goosen Junior Springbok

**Piet Goosen, die briljante jong weltergewig stoeier van die P.U., het daarin geslaag om die Junior Springbokspan te haal wat op 22 Februarie op Vereeniging teen die besoekende Duitse span stoel.**

**Hy word hartlik geluk gewens en alle sukses toegewens.**

## Keetmans

**'n Krieketgeesdriftige het gedurende die toetsreeks met die voorstel gekom dat die toetsreeks in die toekoms op Keetmans hoop gehou moet word aangesien dit nooit daar reën nie.**

## Makouvlei Wen Oortuigend

In 'n aanskoulike eenbeurt interkoshuiskrieketwedstryd het Makouvlei Vrydagmiddag die span van Uitspan met 79 lopies geklop.

Uitblinkers aan die Makouvleikant was Kobie van der Dalt (4*1 en 41 n.u.n.), Chris Coetzer (3/4 en 16) en Daan Wissing (19). Makouvlei is almal uit vir die goeie totaal van 105 lopies.

Vir Uitspan het Rynie Monster (3/29) 12 van sy span se 26 lopies aangeteken. Jan Schutte het twee paaltjies vir 16 lopies platgetrek.

# Atlete Begin Die Jaar Stewig

**Hoewel die baan Woensdag 17 Februarie nat en swaar was, het die jaarlikse Eerstejaarsbyeenkoms nogtans talle goeie prestasies opgelewer.**

Soos verwag was dit die „ouhere" wat vir die beste vertonings gesorg het. Trevor George het die 100 tree in die besondere goeie tyd van 10 sekondes gewen, terwyl Pietman Botha die bordjies in die 220 tree verhang het deur in die puik tyd van 22.3 te wen. Pietman het ook die 440 in 50.4 gewen.

Ten spyte van sy onfiksheid was daar niemand wat Baas Buys se „Baasskap" in die 880 tree in gevaar gestel het nie en hy het in 2 min. 6 sek. gewen.

Die Eerstejaar wat veral aandag getrek het was Koos „Kristiana" van Vuuren wat die 1 myl in die beloftevolle tyd van 4 min. 43 sek. gewen het. Willie Coetzee het in die 120 tree hekkies die verdienstelike tyd van 14.9 sek aangeteken.

### ALSYDIGE DAMES

Onder die dames kan die name vermeld word van Marlene Steyn en Annemarie Alberts, beide alsydige sportvroue. Marlene, wat ook oor provinsiale netbalkleure beskik, het goed presteer in gewigstoot en werpskyf. Annemarie wat die spiesgooi gewen het, beskik oor provinsiale swem- en hokkiekleure en het verlede jaar 'n goue medalje in selflewensredding in Europa verower.

# Pukke Trek Noustrop In Krieket

**Reeds op die eerste dag van die Interuniversitêre toernooi wat gedurende die eerste week van Desember te Pietermaritzburg gehou is, was dit duidelik dat die kompetisie geweldig straf sou wees.**

Die Pukspan het 'n groot terugslag ondervind toe twee staatmakerboulers naamlik Gerhard Scholtemeijer en Johann Vorster hulle van die span moes onttrek. Gevolglik was die boulaanval baie dun en is groot tellings teen die Pukke aangeteken. Aan die ander kant het die kolfwerk die stoutste verwagtinge oortref en het die span 168 teen Natal aangeteken. Hulle was ook die uiteindelike wenners van die toernooi. Teen U.O.V.S. het die kolwers ook goed gevaar en 156/7 aangeteken.

Hennie Bouwer het deurgaans bestendig geboul en Nic van der Walt het teen U.O.V.S. 'n ontleding van 5/65 gehad.

### KOLF GOED

Die kolfwerk was by tye uitstaande en oor die algemeen redelik bestendig. Die hoogste tellings is aangeteken deur Pat Wienand met 70 (elf viere en 'n reuse ses) teen Natal en Piet Hugo met 55 teen Stellenbosch asook 50 teen U.O.V.S. Pat Wienand het ook 37 teen U.O.V.S. aangeteken terwyl Willie Roux 31 teen Natal en 25 teen Stellenbosch behaal het.

### BESTUURDER

As spanbestuurder was mnr. Harry Newton Walker 'n ware steunpilaar en het hy gesorg dat die spangees altyd van die beste gebly het.

Die toernooi het darem ook nie heeltemal sonder beloning vir die Pukke verloop nie aangesien Pat Wienand daarin geslaag het om vir die Protea B-span gekies te word.

## Tennisspan Vaar Goed

Die Puk se nommer een paar, Dawie Smith en Theo Malan, het vir 'n eersterangse verrassing gesorg toe hulle die sterk paar van Pretoria op die eerste dag van die interuniversitêre tennistoernooi geklop het.

Theo Malan verdien spesiale vermelding. Hierdie jong onortodokse speler het vir homself en die Puk naam gemaak deur spelers soos Tony Hagen van Kaapstad en Kenny Smith van Pretoria harde bene te laat kou.

### ERVARING

Slegs gebrek aan ervaring het Dawie Smith uit die Proteaspan gehou. Hy was ongelukkig om elke dag teen die beste spelers van die ander universiteite te speel.

'n Verswakte Pukspan het in die toernooi beter gevaar as ooit. Hulle het met Natal afgereken en het naelskraap teen Wits, U.K.O.V.S., Rhodes en Stellenbosch verloor.

Omstandighede het verhoed dat die Puk damespan nie kon deelneem nie.

# Barlow Verdien Sportman Van Die Jaar

**Eddie Barlow het in die krieketoetsreeks teen Engeland bewys gelewer dat hy die eer van Sportman van die jaar geheel en al verdien het.**

Die Suid-Afrikaanse keurders het Barlow ook aangewys as onderkaptein vir die toer na Engeland.

Diegene wat so gekant was teen die keuse van Barlow kan gerus weer 'n bietjie nadink oor die sportskrywers se keuse en sal dan besef dat Eddie Barlow die eer wat hom te beurt geval het terdeë verdien het en dat hy in die toekoms nog baie vir Suid-Afrikaanse krieket sal beteken.

Eddie het die toekenning ontvang hoofsaaklik vir sy uitmuntende spel in die toetsreeks teen Australië en Nieu-Seeland. Hy het in Australië 'n volwasse kolwer geword op wie daar te alle tye vertrou kon word. Die wildheid wat so kenmerkend was van Barlow het plek gemaak vir 'n goeie verantwoordelikheidssin en 'n ystere selfdisipline wat onontbeerlik is vir 'n aanvangskolwer.

### HONDERDTALLE

Eddie Barlow het in die toetsreeks teen Australië twee honderdtalle en een dubbele honderdtal aangeteken. Hy was ook los voor wat die toetsgemiddeldes betref.

In die pas afgelope reeks teen Engeland het Barlow bewys dat dit nie slegs 'n geluk was dat hy byna sir Donald Bradman se rekordgetal lopies vir 'n seisoen verbygesteek het nie. Barlow het in hierdie reeks weer meer as vyfhonderd lopies aangeteken wat tellings van 138 en 96 ingesluit het. Saam met Trevor Goddard is bewys dat hulle die beste aanvangspaar is waaroor Suid-Afrika nog beskik het.

### UITMUNTEND

Benewens die feit dat Barlow 'n uitmuntende kolwer is, is hy ook 'n uitstekende aflosbouler en ongetwyfeld die beste glipveldwerker waaroor die Springbokspan beskik.



**Eddie Barlow, sportman van die jaar, oefen in die nette.**

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. 12 en 2582
Kerkstraat 122 Posbus 171